

Kwartaal 1 Hersiening

Vraestel 1

1. Skryf die volgende getalle in stygende volgorde.

a) 360 001; 360 101; 360 100; 360 111

b) 101 001; 101 101; 101 100; 101 111

2. Skryf die volgende getalle in dalende volgorde.

a) 375 001; 375 101; 375 111; 375 100

b) 999 998; 999 997; 999 900; 999 999

3. Vul 'n telgetal in wat halfpad is tussen

a) 444 555 en 444 557

b) 666 666 en 888 888

4. Vul 'n telgetal in wat driekwart is tussen

a) 456 800 en 456 900

b) 300 000 en 500 000

5. Werk die GGF van 6, 9 en 18 uit.

6. Dui aan, met redes, of die volgende getalle priemgetalle of saamgestelde getalle is.

a) 29

b) 49

7. Skryf die kwadrate tussen 30 en 50 neer.

8. Skryf al die derdemagsgetalle tussen 0 en 30 neer.

9. Skryf 3 375 in die volgende.

a) Uitgebreide notasie

b) Eksponensiële vorm

10. Vereenvoudig die uitdrukkings.

a) $\sqrt[3]{64} + \sqrt{16 + 9} =$

b) $18 - \sqrt{81} - 3^2 =$

11. Tussen watter twee telgetal is die volgende getalle?

a) $\sqrt{30}$

b) $\sqrt{50}$

c) $\sqrt{10} + \sqrt{25}$

12. Los die volgende getalsinne op.

a) $w^2 = 81$

b) $s^3 = 27$

c) $x^2 = 16$


d) $z^3 = 8$

13. Die skool het 546 leerders. Die verhouding van seuns tot meisies is 5 : 9. Hoeveel seuns en hoeveel meisies is daar in die skool?

Kwartaal 1 Hersiening

Vraestel 2

1. Benoem die hoeke wat in die onderstaande figuur gemerk is.



a)

b)


c)

2. Gebruik dieselfde middelpunt en konstrueer sirkels van die volgende groottes.



a) Radius van 2 cm

b) Radius van 10 mm

c) Radius van 1,5 cm



3. Beantwoord die volgende vrae oor hierdie driehoeke.



- a) Watter soort driehoek is $\triangle ABC$?
- b) Wat is die lengtes van BC en AB?
- c) Watter soort driehoek is $\triangle DEF$?
- d) Watter ander sy is ook 2 cm lank in $\triangle DEF$?

4. Skryf die name neer van die vierhoeke wat by die volgende eienskappe pas.

- a) Vier sye en hoeke is gelyk.
- b) Twee paar teenoorstaande sye is ewewydig.
- c) Slegs een paar teenoorstaande sye is ewewydig.
- d) Twee paar aanliggende sye is gelyk.

5. Trek die volgende.

- a) lyn AB
- b) straal PR
- c) lynsegment CD
- d) reguit lyn HG

